Klerebeleid / Clothing Policy

KLEREKOMITEE / CLOTHING COMMITTEE

SKOOLHOOF	Me A Lochner
DEPUTY PRINCIPAL	Ms N van Aswegen
DIREKTEUR: SPORT/KULTUUR/BEMARKING	Mev K Leibbrandt
SPORTKOöRDINEERDER BETROKKE	Sien personeellys
BOUTIQUE@LARRIES MANAGER	Mrs C Cloete

ALGEMEEN / GENERAL

Die Klerekomitee moet minstens twee maal per jaar vergader vir die bepaling van die skooluniform en sport-/kultuurdrag: eerste kwartaal vir wintersdrag en derde kwartaal vir somersdrag. Die sport- en kultuurorganiseerders en gr. 12-koördineerder moet onderskeidelik die ontwerpe vir die onderskeie eerste spanne en gr. 12-trui vroegtydig aan die Skoolhoof en/of Klerekomitee voorlê.	1. The Clothing Committee must meet at least twice per year to determine the school uniform and sport/cultural clothing: in the first term for the winter uniform and in the third term for the summer uniform. Respectively the sports and culture organisers and Gr. 12 co-ordinator must present the designs of the respective first teams and Gr. 12 jersey timeously to the Principal and/or Clothing Committee.
Enige verandering in die amptelike skooldrag moet deur 'n spesiale skoolbeheerliggaamvergadering goedgekeur word.	2. Any change to the official school uniform must be approved by a special Governing Body meeting.
Alle skooldrag (somer en winter), sportdrag en enige drag wat deur 'n kultuurorganisasie gedra word, en La Rochelle verteenwoordig, moet vir goedkeuring aan die Klerekomitee en/of skoolhoof voorgelê word.	3. All school uniform (summer and winter), sportswear and any clothing worn by cultural societies which represent La Rochelle, must be laid before the Clothing Committee and/or the Principal for approval.
Daar moet altyd deur die Boutique@Larries gewerk word. Die Boutique@Larries het die keuse om die bestelling terug te verwys na die betrokke personeellid.	4. One must always work through Boutique@Larries. The Boutique has the choice to refer the order back to the respective member of staff.
Kleiner items, met ander woorde, nie-permanente drag, word in die skool deur die Skoolhoof en Adjunkhoof hanteer, maar die permanente drag moet deur die volle komitee goedgekeur word.	5. Smaller items, in other words, non-permanent clothing, are handled by the Principal and the Deputy Principal, but the permanent clothing must be approved by the full Committee.
Die Boutique@Larries sal nie noodwendig alle bestellings deur dieselfde verskaffer doen nie en sal met oorleg kwotasies aanvra. Plaaslike verskaffers sal ook oorweeg word. Alle verskaffers moet deur Boutique@Larries aanbeveel word.	6. The Boutique@Larries will not necessarily place all the orders with the same supplier, but will, after deliberation, request quotations. Local suppliers will also be considered. All suppliers must be recommended by Boutique@Larries.
SLEGS eerste spanne speel in klere wat afwyk van die algemene drag.	7. ONLY first teams play in clothes which deviate from the general clothing.
Die ontwerp en materiaal van die eerste spanne se klere moet in pas wees met die nuutste neigings van die groot sportmaatskappye.	8. The design and material of the first teams must keep pace with the newest trends of the big sports companies.
Laer spanne moet in die amptelike drag deelneem, maar kan geborg word vir 'n ekstra item, byvoorbeeld 'n opwarmingshempie.	9. Lower teams have to participate in the official clothes, but may be sponsored with an extra item, for example a warming-up shirt.

Indien enige spanne/kultuurgroepe se klere geborg word, moet die ontwerp en logo aan die klerekomitee voorgelê word. Alle kleure moet geel, wit of blou wees. Die borg se logo mag in hul betrokke kleure wees.

Die skool se logo (blommetjie en/of skoolwapen), sowel as die regte kleur geel en navy is by Boutique@Larries beskikbaar.

Verandering aan enige amptelike drag, wat finansiële implikasies het, moet ‘n jaar voor die tyd gedoen word, en daarna moet nog ‘n jaar toegelaat word vir die in fasering daarvan.

Sekere items word as Hoërskool-besit (bemarkingsmateriaal) beskou: reënbaadjies; sokkies met blommetjie-ontwerp; rugsakkies; potloodsakkies; ‘laniards’; alle sportklere; blomserpe (sonneblom patroon); blommateriaal (soos ontwerp in 2010); pawiljoenkussings.

10. If the clothing of any teams/cultural groups is sponsored, then the design and logo must be presented to the Clothing Committee. All colours must be yellow, white or blue. The logo of the sponsor can be in their colours.

11. The school’s logo (flower and/or school badge), as well as the correct colour yellow and navy, are available at Boutique@Larries.

12. Changes to any of the official clothing which has financial implications, must be done a year in advance, after which another year must be allowed to phase it in.

13. Certain items are regarded as High School property (marketing material): rain jackets; socks with flower logo; rucksacks; pencil bags; laniards; all sports clothes; scarves with sunflower design; floral material (as designed in 2010); pavilion cushions.